

## Die lewegewende nuwe verbond



---

### SABBATMIDDAG

#### **Skrifverwysings vir hierdie week se studie:**

I Johannes 1:4; Johannes 5:24; Romeine 3:24, 25; II Korinthiërs 5:21; I Johannes 4:16; Openbaring 2:11; Openbaring 20:6, 14; Openbaring 21:8.

#### **Geheeteks:**

“... Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê” (*Johannes 10:10*).

**H**ierdie kwartaal het ons die verbond bestudeer en geleer dat (om dit te vereenvoudig en eg te stel) God vir ons daardeur sê, “Dit is hoe Ek jou van jou sonde sal red”. Hoewel die eindresultaat, die hoogtepunt van die verbondsbelofte, natuurlik die ewige lewe in ‘n nuwe wêreld sal wees, het ons nie nodig om so lank daarvoor te wag voordat ons die seëninge van die verbond kan geniet nie. Die Here gee nou reeds vir ons daaglikse lewens om; Hy wil nou die beste vir ons hê. Die verbond is nie ‘n ooreenkoms wat vereis dat jy nou moet doen en doen en doen om eendag in die verre toekoms jou beloning te ontvang nie. Die belonings, die gawes, is seëninge wat diegene wat deur geloof die verbondsverhouding aanvaar, hier en nou kan geniet. In hierdie week se les, die laaste een in die reeks oor die verbond, gaan ons na sommige van hierdie onmiddellike seëninge kyk, na sommige van die beloftes wat deur God se genade in ons harte uitgestort word omdat ons Hom gehoor klop het en die deur van ons harte vir Hom oopgemaak het. Natuurlik is daar meer seëninge as dié waarna ons hierdie week gaan kyk. Maar dit is net ‘n begin van iets wat inderdaad nooit sal end kry nie.

**Hierdie week met een oogopslag:** Hoekom behoort ons vreugde te ondervind? Wat is die grondslag waarop ons daardie belofte vir onself kan toe-eien? Wat is dit omtrent die verbond wat ons van die skuldlas kan bevry? Wat beteken dit om ‘n nuwe hart te besit?

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 26 Junie.*

## Blydskap

“En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees” (*1 Johannes 1:4*). Let op na wat Johannes hier skryf. In ‘n paar eenvoudige woorde beklemtoon hy een van die groot voordele wat ons as verbondsvolk het — die belofte van blydskap. Daar word dikwels aan ons as Christene gesê dat ons nie volgens ons gevoelens moet leef nie, dat geloof nie deur gevoelens bepaal moet word nie, en dat ons ons gevoelens te bowe moet kom, wat natuurlik waar is. Maar terselfdertyd is dit net menslik om gevoelens, emosies en buie te ondervind. Ons kan nie ons gevoelens ontken nie; ons moet dit liever probeer verstaan, die regte aandag daaraan gee en dit sover as moontlik beheer. Maar, deur dit te ontken, is om onmenslik te wees (ons kan net sowel sê dat ‘n sirkel nie rond is nie). Inderdaad, volgens hierdie vers, moet ons nie net gevoelens ondervind nie (*in hierdie geval blydskap*), maar dit moet volkome wees. Klink dit of gevoelens ontken moet word?

**Lees en let op na die konteks van die bogenoemde vers deur van die begin van die hoofstuk af te lees. Wat het Johannes aan die vroeë Christene geskryf waardeur hy gehoop het hulle blydskap volkome sou word? En hoekom moet dit aan hulle blydskap verskaf?**

---

---

---

Johannes was een van die oorspronklike Twaalf. Hy was amper van die begin van Christus se drie en ‘n halfjaar se bediening teenwoordig, en ‘n getuie van sommige van die wonderlike dinge wat Jesus gedoen het (hy was teenwoordig toe Jesus gekruisig was, in Getsémané en ook by die Verheerliking op die berg). As ooggetuie was hy dus definitief goed gekwalifiseerd om oor hierdie onderwerp te kon praat. Maar, let ook op dat hy nie op homself klem gelê het nie; dit is op wat Jesus gedoen het vir die dissipels sodat hulle nie net met mekaar kon gemeenskap hê nie, maar ook met God self. Jesus het die weg vir ons gebaan om ‘n noue verhouding met die Here te kon hê; en een van die gevolge van hierdie noue gemeenskap, van hierdie verhouding, is blydskap. Johannes wou hê dat hulle moes glo dat dit wat hulle van Jesus gehoor het, waar is (hy het Hom aanskou, aangeraak, ondervind en gehoor), en daarom kan hulle ook ‘n vreugdevolle verhouding met hulle hemelse Vader wat hulle liefhet en Homself deur Sy Seun aan hulle gegee het, geniet.

**Johannes gee hier, in ‘n sekere sin, sy eie persoonlike getuienis. Wat is jou persoonlike getuienis oor jou verhouding met Jesus? Wat kan jy sê wat kan help om iemand se vreugde in die Here groter te maak soos wat Johannes hier probeer doen?**

## Sonder skuldgevoel

“Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees” (Romeine 8:1).

‘n Jong vrou was wreed vermoor en niemand het geweet wie die moordenaar was nie. Die polisie het toe ‘n lokval gestel deur ‘n mikrofoon in haar graf te installeer. Een aand, baie maande na haar dood, het ‘n jongman na haar graf gegaan. Hy het by haar graf gekniel en huilende by haar gepleit om hom te vergewe. Die polisie het natuurlik sy woorde opgevang en hom vir die gruweldaad gearrester. Wat het die man na die graf laat gaan? Dit was ‘n skuldgevoel, wat anders? Natuurlik het nie een van ons (hopelik) so ‘n verskriklike misdaad soos die jongman gepleeg nie. Ons is egter almal skuldig, ons het almal dinge gedoen waarvoor ons skaam is en wat ons graag ongedaan sou wou maak, maar ons kan nie. Danksy Jesus en die bloed van die nuwe verbond, hoef nie een van ons met ‘n skuldgevoel saam te lewe nie. Volgens die teksvers vir vandag is daar geen veroordeling vir ons nie. Die beslissende Regter beskou ons as onskuldig, sien ons asof ons nie die dinge gedoen het waarvoor ons skuldig voel nie.

**Hoe help die volgende verse ons om Romeine 8:1 te verstaan? Johannes 5:24; Romeine 3:24, 25; II Korinthiërs 5:21.**

---

---

Een van die wonderlike beloftes van die verbondsooreenkoms is dat ons nie meer met ‘n skuld las hoef saam te lewe nie. Weens die bloed van die verbond kan ons - wat kies om ‘n verbondsverhouding met God te sluit, wat kies om die voorwaardes van geloof, bekering en gehoorsaamheid na te kom - van die skuld las bevry word. Wanneer Satan daarop uit is om in ons ore te fluister dat ons boos is, dat ons sleg is, dat ons te sondig is om deur God aanvaar te word, kan ons doen wat Jesus gedoen het toe Satan Hom in die woestyn versoek het: die Skrif aanhaal, naamlik een van die beste verse, Romeine 8:1. Dit beteken nie dat ons die werklikheid van sonde in ons lewens ontken nie; in plaas daarvan beteken dit dat, omdat ons ‘n verbondsverhouding met die Here het, ons nie meer onder die veroordeling van daardie sonde lewe nie. Jesus het die prys vir ons sondes betaal, en nou tree Hy in die teenwoordigheid van die Vader vir ons in met sy eie bloed, deur sy eie geregtigheid in die plek van ons sondes aan te bied.

**Watter verskil maak dit in ons lewe dat die Here ons vergewe het vir watter sondes ons ook al gepleeg het? Hoe help hierdie werklikheid jou in jou omgang met diegene wat teen jou gesondig het? Hoe behoort dit in te werk op die manier hoe jy daardie mense hanteer?**

## Die nuwe verbond en ‘n nuwe hart

“sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God” (*Efésiërs 3:17–19*). In die vorige lesse vroeër hierdie kwartaal het ons gesien dat, onder die nuwe verbond, die Here die wet in ons harte skrywe (*Jeremia 31:31–33*). Maar volgens die verse vir vandag is dit nie net die wet wat in ons harte is nie, maar ook Christus, wat natuurlik goeie sin maak, want Christus en sy wet is so naby aanmekaar verwant. Daarom, met Christus se wet in ons harte en met Christus wat ook daarin woon (die Griekse woord vir “woon” beteken ook “om te vestig”, wat die gedagte om permanent te bly, oordra), verwys dit na nog een van die wonderlike verbondsvoordele – ‘n nuwe hart.

**Hoekom het ons ‘n nuwe hart nodig? Watter veranderinge sal in diegene wat ‘n nuwe hart ontvang het, bespeur word?**

---

Lees vandag se teksvers weer. Let op dat Paulus die beginsel van liefde beklemtoon deur te sê dat ons daarin “gewortel en gegrond” moet wees. Hierdie woorde impliseer dat die fondament van die liefde stabiel, standvastig en onophoudelik is. Ons geloof beteken niks as dit nie in liefde vir God en vir andere gegrond is nie (*Matthéüs 22:37–39, I Korinthiërs 13*). Hierdie liefde ontstaan nie in ‘n vakuum nie. Inteendeel, dit ontstaan omdat ons ‘n vlugtige blik op God se liefde vir ons kry (‘n liefde wat “alle verstand te bowe gaan”) soos deur Jesus geopenbaar was. As gevolg daarvan word ons lewens en harte verander, en ons word nuwe mense met nuwe gedagtes, nuwe begeertes en nuwe doelstellings. Dit is ons reaksie op God se liefde vir ons wat ons harte verander en ons met liefde vir andere besiel. Miskien is dit wat Paulus bedoel, ten minste gedeeltelik, wanneer hy praat van “julle vervul kan word tot al die volheid van God”.

**Lees I Johannes 4:16. Wat is die verwantskap tussen hierdie vers en wat Paulus in Efésiërs 3:17–19 geskryf het?**

---

**Kyk weer na die verse wat ons vandag bestudeer het. Wat kan jy doen om die beloftes in hierdie verse ‘n werklikheid in jou lewe te laat word? Is daar dinge wat jy moet verander, dinge wat jou miskien weerhou om die “volheid van God” te ondervind (*Efésiërs 3:19*)? Stel ‘n lys op van watter veranderinge jy in jou lewe moet maak. Maak een vir jouself en, indien jy gemaklik daarmee voel, een wat jy met die klas kan deel. Hoe kan julle mekaar help om die nodige veranderinge te maak?**

## Die nuwe verbond en die ewige lewe

“Jesus sê vir haar: ‘Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie ...’” (Johannes 11:25, 26).

Die ewige lewe bestaan uit twee fases. Die teenswoordige fase bied aan die gelowige nou ‘n oorvloedige lewensondervinding (Johannes 10:10) wat al die baie beloftes wat nou aan ons gegee word, insluit. Die toekomstige fase bied natuurlik die ewige lewe aan — die belofte van die opstanding van die liggaam (Johannes 5:28, 29; Johannes 6:39). Hoewel dit nog toekomstig is, is dit die een gebeurtenis wat al die ander dinge die moeite werd maak, die een gebeurtenis wat alles wat ons as Christene op hoop, oortref.

**Bestudeer vandag se teksvers. Wat sê Jesus hier? Waar kan die ewige lewe gevind word? Hoe verstaan ons Sy woorde dat diegene wat in Hom lewe en glo, al sou hulle nou sterf, nooit sal sterf nie? (Lees Openbaring 2:11; Openbaring 20:6, 14; Openbaring 21:8.)**

---

Natuurlik moet ons almal doodgaan, maar volgens Jesus is hierdie dood net ‘n slaap, ‘n tydelike onderbreking — vir diegene wat in Hom glo — wat in die opstanding van die lewe sal eindig. Wanneer Christus terugkom sal die wat in Christus gesterf het, opgewek word met onsterflike liggame, en die lewende volgelinge van Christus sal in ‘n oogwink verander word om onverganklike liggame te ontvang. Beide die dooies en die lewendes wat aan Christus behoort, sal dieselfde opstandingsliggaam ontvang. Onsterflikheid begin dan vir God se volk. Wat ‘n groot vreugde om nou te weet dat ons lewens nie in die graf eindig nie, maar dat daar geen einde is nie, dat ons ‘n nuwe lewe sal ontvang wat vir ewig sal duur. “Christus het een vlees met ons geword, sodat ons een gees met Hom kon word. Dit is kragtens hierdie eenwording dat ons uit die graf sal voortkom — nie bloot as ‘n openbaring van die mag van Christus nie, maar omdat Sy lewe deur die geloof ons lewe geword het. Wie Christus in Sy ware aard sien en Hom in die hart ontvang, het die ewige lewe. Dit is deur die Gees dat Christus in ons woon; en die Gees van God wat deur die geloof in die hart ontvang word, is die begin van die ewige lewe.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 388.

**Op watter maniere kan ons nou die voordele van die ewige lewe geniet? Met ander woorde, wat doen hierdie belofte vir ons nou? Skryf sommige van die voordele wat hierdie belofte van die ewige lewe vir jou persoonlik in jou daaglikse lewe gee, neer. Hoe kan jy hierdie hoop en belofte met iemand wat dalk met die dood van ‘n geliefde worstel, deel?**

## Die nuwe verbond en uitreik

“ ‘Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het’ ” (Matthéüs 28:19, 20).

Oral oor die wêreld worstel mense dikwels met wat die Suid Afrikaanse skrywer, Laurens van der Post, “die las van betekenisloosheid” genoem het. Mense besit die gawe van die lewe, maar hulle weet nie wat om daarmee te doen nie, hulle weet nie wat die doel van hierdie gawe is nie, en hoe om dit te gebruik nie. Dit is soos om aan iemand ‘n biblioteek vol seldsame boeke te gee, en om dan uit te vind die persoon lees nie die boeke nie, maar gebruik dit om mee vuur te maak. Wat ‘n verskriklike vermorsing van iets wat so kosbaar is!

Vir die nuwe-verbond Christen is dit egter nie ‘n probleem waarmee hulle hoef te worstel nie. Inteendeel, hulle wat die wonderlike nuus van ‘n gekruisigde en verrese Verlosser gehoor het (en dit persoonlik ondervind het), van Hom weet wat vir die sondes van elke menslike wese oor die hele wêreld gesterf het sodat almal die ewige lewe kan hê, ondervind blydschap. Deur die onbetwisbare bevel in Matthéüs 28:19, 20 ernstig op te neem, het die gelowige verseker ‘n opdrag en doel in die lewe, en dit is om die wonderlike waarheid wat hy of sy persoonlik in Christus ondervind het, aan die wêreld bekend te maak. Wat ‘n voorreg! Die meeste ander dinge wat ons in hierdie wêreld doen, sal net soos die wêreld ook tot ‘n einde kom. Maar deur die evangelie aan andere te bring, sal dit ‘n indruk laat vir die ewigheid, en sal jy jou opdrag uitvoer en doelgerig lewe!

**Ontleed vandag se vers volgens die verskeie onderafdelings. Wat is die spesifieke dinge wat Jesus sê dat ons moet doen, en wat behels elkeen van hulle? Watter een van die beloftes sal aan ons die geloof en moed gee om te doen wat Christus ons beveel het om te doen?**

---

---

---

**As ‘n nuwe-verbond Christen het die Here self aan ons ‘n duidelike mandaat gegee. Wie ons ook al is, wat ons ook al doen vir ‘n lewe, wat ook al ons beperkinge is, ons kan almal ‘n rol speel. Het jy al iets gedoen? Kan jy meer doen? Wat kan jou klas saamdoen om ‘n groter rol in hierdie werk te speel?**

**Vir verdere studie:**

Lees Ellen G. White, “Gods Volk Verlos,” bl. 635–645, in *Die Groot Stryd*; “Vreugde in die Here,” bl. 115–126, in *Skrede na Christus*. “Die heilige Seun van God het geen sondes of mislukkings van sy eie gehad om te dra nie: Hy het die mislukkings van andere gedra; want almal se onregverdigheid was op Hom gelaai. Hy verbind Homself met die mens deur goddelike simpatie, en as die verteenwoordiger van die menseras onderwerp Hy homself om soos ‘n oortreder behandel te word. Hy kyk af in die bodemlose diepte van ellende wat deur ons sondes ontstaan het, en bied aan om die afgrond wat die mens van God skei, te oorbrug.” — Ellen G. White, *Bible Echo and Signs of the Times*, 1 Augustus, 1892, (vry vertaal) “Kom, my broer, kom net soos jy is, met sonde besoedel. Gee jou skuld las vir Jesus, en eien sy verdienstes deur geloof vir jouself toe. Kom nou, terwyl genade nog talm; kom met belydenis, kom met ‘n berouvolle hart, en God sal jou oorfloediglik vergewe. Moenie hierdie geleentheid veronagsaam nie. Luister na die pleitstem van genade om jou van die dood te red sodat Christus jou kan help. Elke oomblik nou blyk direk met die eindbestemming van die hemel verbind te wees. Moenie dan dat jou trots en ongeloof jou nog verder weglei van die genade wat aangebied word nie. Indien jy dit doen, sal jy gelaat word om aan die einde van tyd te weeklaag: ‘Die oes is verby, die somer is ten einde, en óns is nie verlos nie!’” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 5, bl. 353, (vry vertaal).

**Vrae vir bespreking:**

1. “Ons vergelyk onself met die kosmos,” het Francisco José Moreno geskryf, “en ons is van ons onkunde en uiteindelijke magteloosheid bewus; daarom is ons onseker. Gevolglik leef ons in vrees.” — *Between Faith and Reason: Basic Fear and the Human Condition* (New York: Harper & Row, Publishers, 1977), bl. 7, (vry vertaal). Vergelyk hierdie verklaring met wat jy hierdie week in Efésiërs 3:17-19 bestudeer het. Bespreek die verskille tussen die twee gedagtes.
2. God belowe dat ons as gelowiges blydschap in Jesus sal ondervind. Is blydschap dieselfde as om gelukkig te wees? Behoort ons altyd gelukkig te wees? Indien ons nie is nie, is daar iets met ons Christelike ondervinding verkeerd? Wat kan die lewe van Jesus aan ons openbaar wat ons sal help om die antwoorde op hierdie vrae te verstaan?
3. Bespreek die gedagte “sodat julle gevul kan word tot al die volheid van God” nog verder (*Efésiërs 3:19*). Wat beteken dit? Hoe kan ons dit in ons lewens ondervind?

**Opsomming:** Die verbond is nie net nog ‘n diepsinnige teologiese konsep nie; in plaas daarvan definieer dit die omvang van ons verlossingsverhouding met Christus, ‘n verhouding wat nou en wanneer Hy terugkom, aan ons wonderlike voordele bied.